

**14 November**

**Skrifgedeelte: Romeine 1:18-23**

**Fokusgedeelte: Romeine 1:18b**

### **Die mense wat die waarheid probeer onderdruk**

God openbaar aan ons dat sy toorn nie oor alle mense kom nie, ook nie net oor sekere mense soos die Jode of die heidene nie. Sy toorn kom oor mense wat 'n spesifieke sonde begaan, 'n wortelsonde. Dit is die mense wat God se waarheid onderdruk, die waarheid wat Hy uit liefde aan hulle bekendmaak. Die mense verwerp sy openbaring, sy evangelie. Dit moet ons teen die agtergrond sien dat God se hele openbaring aan mense evangelie, blye boodskap is.

Hierdie onderdrukkers ontvang soos alle ander mense die waarheid van God sodat hulle Hom kan eer en dank. Hulle kan met kinderlike oorgawe in Hom glo. Hulle het God leer ken sodat hulle Hom as God kan eer en dank.

Helaas, baie stoot hierdie kennis weg. Hulle verag God se liefde. Hulle stop hulle ore en oë toe en hulle vervang God met iets anders. Met hulle eie redenasies dink hulle dat hulle baie slim is. In die plek van God, die Skepper, vereer hulle nou skepsele. God se toorn word nou duidelik deurdat Hy hulle oorgee aan hulle dwaasheid. Die sonde breek uit. Homoseksuele mans en vroue bedryf hulle sonde skaamteloos. Ook ander mense sondig vanuit die wortel van ongeloof (kyk Romeine 1:28-32).

Wat doen jy met God se waarheid? Jy het die Bybel. Dit bevat soveel meer as net God se waarheid wat geopenbaar word in die skepping, onderhouding en regering van alle dinge. Gee jy uit dank jou lewe oor in God se diens deur liefde te bewys aan jou naaste, die wêreld en aan God?

*Sing: Psalm 19:1,2 Prof MA Kruger (Emeritus)*